LUISTERTOETSE VIR GRAAD 8-12

Deur: Cornelia du Preez



Die alewige gesoek na geskikte luistertoetse kan nogal 'n probleem word. Ek is oortuig daarvan dat u al vantevore van CD's gebruik gemaak het. Hier volg drie luistertoete wat moontlik nuttig in die klas aangewend kan word.

Deel die luistertoets vooraf aan die klas uit sodat hulle hul van die vrae kan vergewis. Gesels oor Jak de Priester/ Johannes Kerkorrel/Laurika Rauch. Die leerders sal beslis kennis dra van hierdie kunstenaars. Sommige onderwysers sal miskien redeneer dat hul werk te bekend is en nie geskik sal wees vir luistertoetse nie, maar die vrae behels meer as blote inhoud. Die leerders word gedwing om na meer aspekte as blote inhoud te soek. Die toetse is so opgestel dat dit vrae op alle denkvlakke bevat.

Die memorandum dien as riglyn. Sommige leerders mag dalk ander antwoorde verskaf wat net so korrek mag wees. Gebruik asseblief u gesonde oordeel sodat leerders nie benadeel word as gevolg van die memorandum nie.

LUISTERTOETS 1: GRAAD 11-12

CD: JAK DE PRIESTER: BROOKLYN *POET* – "Die ou met die Golf" (SNIT 13)

1. Wat is die naam van die meisie met wie Benjamin die aand 'n afspraak het?

   _____ (1)

2. Sê **volledig** hoe Benjamin aan die motor gekom het _____

   _____ (1)

3. Watter aanduiding is daar dat Benjamin nie baie betroubaar is ten opsigte van meisies nie?

   _____

   _____ (1)

Luister en praat

4. Wat word geïmpliseer met die woorde dat hy "nog aan haar sal moet werk?" _____
_____ (1)
5. Waarom is dit ironies dat Benjamin juis wit rose koop? _____
_____
_____ (1)
6. Die feit dat sy vir hom die "reuk van Kentucky" het, sê iets van Benjamin se karakter.
Wat kan jy daarvan aflei? _____
_____ (1)
7. Waarom sou jy dink die vergelyking met 'n slang is gepas in die liriek? _____
_____
_____ (1)
8. Behalwe dat Benjamin onbetroubaar is, kom ander karaktertrekke van hom ook na vore.
Noem **twee karaktertrekke met bewyse**. _____
_____
_____
_____ (4)
9. In hierdie liriek kom sosiale probleme waarmee die jeug te kampe het, na vore. Noem
twee van die probleme wat jy kon agterkom. _____
_____ (2)
10. Tydens die funksie ontlok hul optrede verskillende emosies by die dansers. Noem twee
van hierdie emosies wat na vore kom. _____
_____ (2)
11. Deur die woord "vergeet" bou progressie op in die liriek. Skryf **die reël** neer waarin die
progressie 'n hoogtepunt bereik. _____
_____ (1)
12. Wat, kan jy aflei, het uiteindelik van Benjamin geword? _____ (1)
13. Motiveer jou antwoord by 12 deur **'n reël** uit die liriek aan te haal. _____
_____ (1)
14. Verduidelik volledig hoe die musiek meewerk om die verhaal te versterk. _____
_____
_____
_____ (2)

[20]

MEMORANDUM

1. Melanie. (1)
2. Sy ***pa*** het die motor vir hom met sy ***mondigwording*** gegee. (Albei vir 1 punt.) (1)
3. Hy het sy oog op 'n ander meisie, maar vir 'n lekker tyd verkies hy Melanie. (1)
4. Sy is te ordentlik/vroom vir hom; hy sal haar nog moet mak maak vir seks. (1)
5. Hy sê wit rose is vir ***vriendskap***, maar hy het net ***seks*** in gedagte. (Albei dele van die ironie moet teenwoordig wees). (1)
6. Dit dui op sy banale siening van vrouens/liggaamlike bevrediging. (1)
7. Hy is die slang wat gaan toeslaan./Melanie verlei hom soos die slang vir Eva verlei het. (1)
8. arrogansie/onbeskof – sy houding teenoor die persoon wat sy motor wou parkeer
   onverantwoordelik – die onverantwoordelike wyse waarop hy bestuur/slaap saam met 'n meisie en nie weet wat haar HIV-status is nie/slordig – gooi sigaretstompie deur die venster
   (enige twee) (4)
9. dwelms, drank, rondslapery (enige twee) (2)
10. jaloesie, verontwaardiging/vies (2)
11. "Sy het vergeet sy is HIV-positief" (1)
12. Hy is dood/baie siek. (1)
13. Sy broer ry nou met die Golf nadat hy vigs by Melanie gekry het. (1)
14. Die musiek skep die gevoel van ***onheil/onrustigheid en bou op tot 'n klimaks***. Dan raak die musiek ***stil saam met die idee van dood***. (2)

[20]

LUISTERTOETS 2: GRAAD 11-12

JOHANNES KERKORREL: *TIEN JAAR LATER*: "Gee jou hart vir Hillbrow" (SNIT 2)

1. Watter tipe atmosfeer word deur die musiek geskep? _____ (1)
2. Noem die twee tipes mense wat op straat sigbaar is. _____
   _____ (2)
3. Waarom hou die spesifieke persone hand? Sê volledig. _____
   _____ (1)
4. Noem twee goed (behalwe jou hart) wat jy vir Hillbrow kan gee. _____
   _____ (2)

5. Watter twee gelowe kom in hierdie liriek ter sprake? Noem die gelowe en gee bewyse uit die teks. _____ _____ (4)
6. Waarvandaan kom die seine? _____ (1)
7. Sou jy die woorde "gee jou hart vir Hillbrow" denotief of konnotatief beskryf? _____ (1)
8. Hoe sou jy hierdie woorde kon interpreteer? _____ _____ (1)
9. Hoe weet ons dat die bewoners van die buurt maar nie veel van 'n toekoms het om na uit te sien nie? _____ (1)
10. Wat is die naam van die hotel wat in die liriek gemeld word? _____ (1)
11. Op wie drink hulle? _____ (1)
12. Noem twee sosiale probleme wat in die liriek na vore kom (**behalwe dwelms**). _____ (2)
13. Watter woord dui op dwelms? _____ (1)
14. Sou jy sê dat die sanger hardvogtig is teenoor die gemeenskap van Hillbrow? Verskaf 'n rede vir jou antwoord. _____ (1)

[20]

MEMORANDUM

1. Dit skep 'n hartseer/weemoedige/treurige atmosfeer. (1)
2. boemelaars, kaalvoetkinders (2)
3. Die kinders wil ***geld*** hê, want hulle wys ***parkeerplekke*** aan. **(albei vir punt)** (1)
4. sente, drome, toekoms vol gate, klere vol gate **(enige twee)** (2)
5. Christendom: Ken jy vir Jesus?
   Hindoeïsme: Haré Krishna (4)
6. Hillbrow-toring (1)
7. konnotatief (1)
8. Jy moet die mense jammer kry/iets vir hulle doen/hulle verstaan/deernis hê. (1)
9. Hul toekoms is vol gate. (1)
10. Chelsea-hotel (1)
11. "junkies" (1)
12. drank, armoede (2)

13. Hulle drink op die mense wat hul drome oorleef/kry wat hul vra. (1)
14. Nee, hy doen 'n beroep op die luisteraar om met deernis na die mense te kyk/iets te doen. (1)

[20]

LUISTERTOETS 3: GRAAD 8 – 10

LAURIKA RAUCH: CD: *STUUR GROETE AAN MANNETJIES ROUX* – "Stuur groete aan Mannetjies Roux" (SNIT 5)

1. Wie is die spreker? _____ (1)
2. Motiveer jou antwoord. _____ (1)
3. Op watter vasteland is die plaas waarvan gesing word? _____ (1)
4. Noem twee probleme wat die boer ondervind. _____
   _____ (2)
5. Skryf die eufemisme wat gebruik word om te sê die oom is dood. _____
   _____ (1)
6. Hoe het die oom aan sy einde gekom? _____ (1)
7. Skryf **die reël** neer wat as bewys dien vir jou antwoord. _____
   _____ (1)
8. Hoe sluit hierdie reël aan by 'n vorige reël in die liriek? _____
   _____ (1)
9. Wie was die oom se held **EN** hoe weet jy dit? _____
   _____ (2)
10. Waarvoor smeek die spreker? _____ (1)
11. Dink jy die oom was gereed om te ploeg indien die omstandighede reg was? _____
    _____ (1)
12. Wat voer die spreker aan as bewys? _____
    _____ (1)
13. Waarom, sou jy sê, is die begeleiding geskik vir die lied? _____
    _____ (1)
14. Gee twee bewyse uit die liriek dat die spreker baie geheg is aan sy familie. _____
    _____ (2)
15. Bewys dat die oom se vrou nog gelewe het. _____ (1)

16. Hoe het die oom van sy koffie gehou? _____ (1)
17. Watter bewys kan jy uit die liriek gee dat Mannetjies Roux rugby gespeel het? _____
_____ (1)

[20]

MEMORANDUM

1. Dis 'n kind. (1)
2. Hy is skaars dertien. (1)
3. Afrika. (1)
4. Die son is te warm EN die reën te skaars. (2)
5. "My oom, ja my oom se oë is nou albei toe" (1)
6. Hy het selfmoord gepleeg. (1)
7. Hy laat 'n brief na. (1)
8. Eers drink hy koffie met die een oog toe, nou is albei oë toe. (1)
9. Mannetjies Roux. Hy stuur aan hom groete in sy selfmoordbrief. (2)
10. bietjie reën (1)
11. Ja. (1)
12. Die spreker voer aan hy het 'n tenk vol diesolien. (1)
13. Die begeleiding skep 'n neerdrukkende/hartseer/treurige atmosfeer. (1)
14. Hy vra dat sy pa en ma geseën word, asook sy oom en hy het deernis met die oom se omstandighede. (2)
15. Die tannie drink tee. (1)
16. Hy hou van sy koffie soet. (1)
17. Hy dink nog aan die drie wat Mannetjies Roux gedruk het. (1)

[20]